

NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 10 JUNIE 2013 BY DIE JOH OTTO NASKOOL SENTRUM.

Voorsitter

DD Fourie
Tel 012 5671776

Sekretaris

HB Groenewald
Tel (012) 6547438
of 0834694349

Tesourier

LC De Jager
Tel 072 4806801

E-pos :herman.groenewald@lantic.net
Faks: 0867508692

1.0 Opening

1.1 Aangesien 'n kworum weer eens nie teenwoordig is nie word daar ooreenkomstig die Konstitusie die klub die neergelegde tyd gewag alvorens daar met die vergadering begin kan word. Dit is werklik uiters teleurstellend dat lede van die klub so min belangstel in die aktiwiteite van hul klub waaraan hulle behoort. Baie dankie aan die lede wat wel hul weg oopgesien het om die vergadering by te woon.

1.2 Dr Jan Botha open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 J Botha (President), DD Fourie (Voorsitter), LE Weyer (Visie-voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), HJ Hawkins, C Snyman en I Weyer.

2.2 Verskoning:
F Du Preez, SH Erasmus, JJ Fivaz, NL Greyling, AWJ Jacobsz en JPA Spangenberg.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

4.0 Lief en Leed

4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende Junie en gelukwense word aan hul oorgedra:
Dries Jacobsz (16de) en Dave Fourie (20ste).

5.0 Fondsinsameling.

5.1 As gevolg van die swak bywoning staan hierdie saak oor.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notule van die Mei 2013 maandvergadering word goedgekeur. Voorgestel deur Les Weyer en gesecondeer deur Ingrid Weyer.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.1.1 Les Weyer het 'n verskeidenheid voëlboeke beskikbaar wat teen 'n redelike pryse aangebied word vir lede.

7.1.2 Les Weyer het ook skouhokkies (1 tot 9) van Peter Payne-Findlay wat te koop is. Lede wat belangstel kan hom in hierdie verband nader. Drakaste is ook beskikbaar.

7.1.3 Chris Snyman het Gloster skouhokkies te koop.

7.1.4 Francois Du Preez het verskeie tipe skouhokkies en ander items te koop.

7.1.5 Dries Jacobsz het 'n voorraad kanariesaad beskikbaar teen R670,50 vir 50 kilogram. Lede wat belangstel kan hom in hierdie verband nader.

7.2 Nasionale Skou 2013. (11 tot 13 Julie)

- 7.2.1 Kennis word geneem dat die reëlings vir die skou na wense vorder.
- 7.2.2 Bestellings vir die rosette is geplaas.
- 7.2.3 Daar word kennis geneem dat die stellases van die klub by die houer nie na wense gepak is nie en dat dit moeilik is om van die stellases en bene daarvan uit te haal.
- 7.2.4 Nuwe standers vir die vlaggies van die verskillende spesies is deur Les Weyer gemaak en dank word teenoor hom uitgespreek vir hierdie taak wat hy verrig het. Die rekening vir die uitgawes vir die materiaal sal nog ingedien word.
- 7.2.5 'n Tafel vir hierdie klub sal by die skou beskikbaar wees wat deur 'n lid van die klub beman moet word met die doel om lede vir die klub te werf.

7.3 Uitloot van mes.

- 7.3.1 Daar is 58 boekies aan lede en ander klubs oorhandig waarvan nog 25 uitstaande is. 'n Beroep word op lede gedoen om die boekies by die Julie 2013 maandvergadering terug te besorg aangesien hierdie fondse vir die skou benodig word.

8.0 Finansiëleverslag.

- 8.1 Die finansiëlestaat vir Mei 2013 word ter tafel geneem en goedgekeur. Kommer word uitgespreek oor die bankoste wat R321,30 behoort.
- 8.2 'n Bedrag van R6 000 is reeds aan die verskaffer betaal vir ringbestellings en tot op hede is slegs 'n bedrag van R1 178,00 deur lede betaal. Alle uitstaande gelde vir ringe moet by die Julie maandvergadering ten volle betaal word alvorens enige ringe aan lede oorhandig sal word.
- 8.2 Die volgende bedrae is deur die spesies verskuldig vir prysgelde en rosette en dit sal waardeer word indien die verskuldigde bedrae deur die loop van die maand inbetaal kan word. Op hierdie stadium het die klub nie voldoende fondse vir die prysgelde nie.

Spesie	Prysgeld	Rosette	Totaal
Fiorino	R 110,00	R 179,10	R 289,10
Glosters	R1 010,00	R 162,80	R1 172,80
Lizards	R 0,0	R 108,80	R 108,80
New Colours	R 250,00	R 90,50	R 340,50
North Dutch	R 481,00	R 187,80	R 668,80
Parsian Frills	R 590,00	R 167,35	<u>R 757,35</u>
Totaal			R3 337,35

Die klub het op hierdie stadium R7 354,93 fondse in die bank waarvan R3 317,05 vir spesiefondse is nadat bedrae verskuldig vir prysgelde afgetrek is. 'n Bedrag van R4 037,88 is derhalwe voorhande. In lig van die finansiële posisie van die klub word daar besluit om die spesiefondse aan te wend vir die skoupryse. Die totale prysgelde waarvoor hierdie klub verantwoordelik is beloop R10 950,00.

9.0 SANCBA.

- 9.1 Die mosies vir bespreking by die komende Konferensie word ter tafe geneem en word daar besin hoe daar oor elk gestem moet word. Dr Jan Botha word afgevaardig om hierdie klub te verteenwoordig.

10.0 NRCBA.

- 10.1 Die volgende vergadering vind plaas op 7 Julie 2013.

11.0 Korrespondensie.

- 11.1.1 Geen korrespondensie is ontvang nie.

12.0 Algemeen.

12.1 Voorbereiding van voëls vir skoue.

12.1.1 Volledige terugvoering word gegee oor die demonstrasie vir die voorbereiding van voëls wat by die woning van Robert Heunis aangebied was.

12.2 Ledegeld.

12.2.1 Ledegeld is by die Julie 2013 maandvergadering betaalbaar. Ledegeld beloop R250,00 per jaar.

13.0 Afsluiting.

13.1 Die vergadering verdaag om 20:30.

13.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 8 Julie 2013 by die Joh Otto Naskool Sentrum.

D Fourie
Voorsitter
8 Julie 2013.

HB Groenewald
Sekretaris